23. Publikasies/Media

23.1 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE UITGEE VAN DIE ALMANAK (Artt.11, 160)

A. Dr. S.J. van der Walt stel die Rapport.
B. **Besluit:** Finansiële aspekte word verwys na die Kommissie vir Finansies.

C. RAPPORT

1. Opdrag
Kyk Acta 1997:811.

1.1 Dat die *Almanak* weer uitgegee word en die Deputate met inagneming van die besluite van die Nasionale Sinode en met byvoeging van die volgende opdragte benoem word.
1.2 Die Bybelleesrooster met dagstukkies
1.2.1 Dat die Bybelleesrooster in die vorm van dagstukkies uitgegee word waarin die Belydenisskrifte onder andere behandel word.
1.2.2 Dat die invoeg van dagstukkies, nie met prysgawe van die name van die ouderlinge en diakens sal wees nie en in gewone lettertipe gedruk sal word.
1.2.3 Dat in die lig van die groter ruimte wat dagstukkies in beslag sal neem die Deputate die sinvolheid van die plasing van artikels in die *Almanak* sal beoordeel om, indien nodig, weg te laat en om eweneens die lengte en hoeveelheidvan die nie – gemeentelike gegewens te beoordeel sodat gegewens van die gemeentes nie in 'n kleiner lettertipe gedruk hoef te word nie.
1.3 Dat ondersoek ingestel word deur die Deputate na 'n beter bindproses van die *Almanak* en dat ekstra hardeband *Almanakke* op voorafbestelling gedruk word.
1.4 Die Deputate moet die elektroniese beskikbaarstelling van die *Almanak* ondersoek.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem
2.1 Die *Almanak* het jaarliks verskyn (vgl. Opdrag 1.1).
2.2 Die *Almanak* het jaarliks verskyn met dagstukkies en met inagneming van die Belydenisskrifte (vgl. Opdrag 1.2.1). Die Deputate wil graag aan die Sinode rapporteer dat die *Almanak* met dagstukkies in die lig van korrespondensie wat ontvang is en volgens die beskeie oordeel van die Deputate baie goed ontvang is in die kerkverband en daarbuite. Die Deputate wil ook graag 'n woord van besondere dank uitspreek teenoor al die predikante wat op 'n besondere wyse saamgewerk het om van hierdie publikasie 'n sukses te maak.
2.3 Die *Almanak* het jaarliks verskyn met die volledige plasing van die name van die ouderlinge en diakens wat in die gewone lettertipe gedruk is (vgl. Opdrag 1.2.2).
2.4 Die Deputate het geoordeel dat in die lig van die dikte van die publikasie daar nie ruimte sal wees om addisionele artikels soos in die verlede te plaas nie (vgl. Opdrag 1.2.3).
2.5 Die Deputate het jaarliks kwotasies aangevra van verskillende drukkers om die *Almanak* te druk volgens die stikbindmetode (vgl. Opdrag 1.3).
2.5.1 Die kwotasie wat vir 1998 aanvaar is, was volgens die stikbindmetode. Die drukkers het in gebreke gebly om die *Almanak* volgens die kwotasie se voorwaardes te lewer. Dit het tot gevolg gehad dat daar op 'n baie laat stadium noodmaatreëls getref moes word om 'n produk te verskaf wat aanvaarbaar is. Tyd het dit nie toegelaat om die volledige druk en bindproses te herhaal nie. Die drukkers het vir hulle fout finansieel gekompenseer.
2.5.2 Die Deputate het vir 1999 weer 'n kwotasie volgens die stikbindmetode aanvaar. Die drukkers het egter 'n produk gelewer volgens "die Perfect-bound" metode. Die produk was baie aanvaarbaar. Die drukkers het vir hulle fout gekompenseer.
2.5.3 Die Deputate het vir die 2000 uitgawe die kwotasie van Unitedi Litho aanvaar wat ook die 1999 uitgawe gedruk het. Dieselfde bindmetode as vir 1999 is aanvaar met 'n geëmbosseerde buiteblad.
2.6 Die Deputate het nie uitvoering gegee aan die opdrag om ekstra hardeband *Almanakke* te druk nie (vgl. Opdrag 1.3) omdat voorsien is dat die beplande produk aan die vereistes sou voldoen asook vanweë die ekstra koste daaraan verbonde.
2.7 Die Deputate het uitvoering gegee aan die opdrag rakende die elektroniese beskikbaarstelling van die *Almanak* (vgl. Opdrag 1.4). Die dagstukkies verskyn daagliks op Internet by die adres: http://www.gksa.org.za. Terugvoering van waardering is uit die buiteland ontvang. Die Deputate wil graag broeder Pieter van der Dussen bedank vir hierdie diens.

2.8 Die oplaag van die *Almanak* was vir 1998: 17 500 eksemplare, vir 1999 was dit 18 000 en vir 2000 word 'n oplaag van 19 000 beplan. Die oplaag is elke jaar uitverkoop. Omdat die projek so geseënd is, het die Deputate 'n aantal eksemplare aan Gereformeerde instellings soos ouetehuise en kinderhuise gratis beskikbaar gestel. Die indruk wat die Deputate het, is dat kerkrade meer geredelik al die *Almanakke* wat hulle bestel van die hand sit en dat dit nie in konsistories ophoop nie.

2.9 Die Deputate is dankbaar om te rapporteer dat na die drie jaar van 'n goeie wins getoon kan word soos blyk uit die Finansiële state wat aan die Sinode beskikbaar gestel is. Die Deputate was in die lig van die finansiële situasie daartoe in staat om die prys van die *Almanak* vir al drie die jare dieselfde te hou waarvoor ons baie dankbaar is.

Besluit: Die Sinode neem met besondere dank teenoor die Deputate kennis van die wins wat gerealiseer het.

2.10 Die Deputate se beleid is om al die inligting wat beskikbaar is van al drie die Sinodes van die Gereformeere Kerke in die *Almanak* te plaas. Ongelukkig moet ons rapporteer dat die gedrukte inligting nie volledig is nie.

2.11 Dit is die beleid van die Deputate om jaarliks huldeblyke van predikante wat oorlede is te plaas.

2.12 Die Deputate plaas van tyd tot tyd (die vorige plasing was in 1996) 'n volledige lys van "Kerke en hulle predikante". Sodanige lys is weer volledig in die 2000 uitgawe van die *Almanak* geplaas. Die Deputate bedank broeder Apie Buys wat hierdie opdrag uitgevoer het.

2.13 Die Deputate poog om die standaard van die *Almanak* jaarliks te verbeter sodat dit 'n uitgawe sal wees waarop alle lidmate trots is. Ons wil verskeie lidmate en predikante bedank vir insette en wenke wat hulle vrymoedig na elke publikasie aan ons deurgee om ons daartoe in staat te stel.

2.14 'n Rubriek in elke uitgawe van die *Almanak* is die Ruit waaraan 'n groot aantal lidmate deelneem. Die Deputate bedank ds. Hennie van Wyk wat hierdie rubriek behartig.

2.15 As gevolg van probleme wat die Deputate ondervind het met die drukproses van die 1998-uitgawe kon die *Almanak* nie tydens die Partikuliere Sinodes beskikbaar gestel word vir verspreiding nie. Omdat die *Almanak* later beskikbaar gekom het, moes 'n alternatiewe verspreidingsmetode geïmplementeer word sodat die *Almanak* nog voor die begin van die nuwe jaar by die kerke beskikbaar is. Ons bedank in die besonder al die predikante wat goed saamgewerk het om al die *Almanakke* by die betrokke kerke af te lewer. Die 1999-uitgawe was weer lank voor die sittings van die Partikuliere Sinodes beskikbaar. Die Deputate kon weereens as gevolg van die vriendelike hulp van verskeie predikante hierdie uitgawe by hulle bestemming kry. Die Deputate maak gebruik van posversendings vir verafgeleë bestemmings wat moeilik met padvervoer bereik kan word. Kaa Bee vervoer het 'n besondere diens gelewer met die aflewering van die *Almanak*. Ook vir hulle vriendelike diens baie dankie.
Ons vertrou dat die versending van die 2000 *Almanak* bevredigend was.

2.16 Die Deputate wil hulle dank uitspreek teenoor adverteerders wat in die *Almanak* adverteer om sodoende koste te beperk.

2.17 Die Deputate wil graag hulle dank uitspreek teenoor die personeel van die Administratiewe Buro en by name suster Wymie du Plessis en broeder Hannes Vorster vir die insette wat hulle maak om elke jaar die *Almanak* die lig laat sien. Ons wil ook graag vir Angie Mphata, Anna Leeuw en Hendrik Mattyse bedank vir hulle hulp om die versending van die *Almanak* moontlik te maak.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.17.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Die *Almanak* word weer uitgegee en Deputate moet aangewys word met die opdrag om:

3.1.1 Die *Almanak* met dagstukkies uit te gee

3.1.2 Soveel as moontlik inligting van al die Sinodes van die Gereformeerde Kerke te publiseer

3.1.3 Oorweging daaraan te skenk om die inligting van ouderlinge en diakens in 'n kleiner lettertipe te plaas om sodoende die dikte van die publikasie in ag te neem.

3.1.4 Kyk na die moontlikheid van intensiewer bemarking van die *Almanak* om sodoende die publikasie in soveel moontlik huise beskikbaar te stel.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Neem 'n besluit oor die opgehoopte fondse met inagneming van die volgende aanbevelings van die Deputate:

3.2.1 Die Sinode oorweeg dit om aan die nuwe Deputate 'n bufferbedrag van ongeveer R100 000 beskikbaar te stel om verdere verhogings te kan absorbeer en sodoende die verkoopprys van die *Almanak* so laag as moontlik te hou en om die gehalte steeds te verbeter.

Besluit: Goedgekeur.

3.2.2 Die Sinode oorweeg dit om twee derdes van die balans aan die CJBF beskikbaar te stel om spesifieke publikasies die lig te laat sien in diens van die kerke en die uitdra van Gereformeerde beginsels en een derde aan die Deputate vir Kerklike Tydskrifte.

Besluit: Goedgekeur. Twee-derdes van die balans (R144 440) word aan die CJBF vir publikasies beskikbaar gestel en een-derde van die balans (R72 220) word aan die Deputate vir Kerklike Tydskrifte, spesifiek vir *Die Kerkblad* en die *Slingervel*, beskikbaar gestel word (R35 000 is reeds aan *Slingervel* uitbetaal).

3.2.3 Die Deputate van die CJBF, in opdrag van die Sinode, dit oorweeg om 'n publikasie vir die algemene mark die lig te laat sien – met 'n seleksie van dagstukkies wat reeds verskyn het.

Besluit: Hieroor het die Sinode nie 'n besluit geneem nie (Deputate Handelinge).

3.2.4 Die Sinode verleen goedkeuring aan die optrede van die Deputate vir die *Almanak* van 'n bedrag van R35 000 wat aan die Deputate Kerklike Tydskrifte beskikbaar gestel is met die spesifieke doel om glansuitgawes vir *Slingervel* moontlik te maak sonder dat die prys van die *Slingervel* verhoog.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 Die Sinode beoordeel die finansiële state.

Besluit: Goedgekeur.

23.2 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE CALVYN-JUBILEUMBOEKEFONDS (Artt.94, 177)

A. Dr. F.R.P. de Bruyn stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Publikasies. Finansiële aspekte word verwys na die Kommissie vir Finansies.

C. Ds. D.J. Malan stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag

1.1 Die opdrag aan die Deputate word gevind in die Reglement (vgl. Acta 1982:226, 2.5).
Die volgende opdragte is deur die Sinode bygevoeg:

1.2 Bemark 'n publikasie waarin die studie en besluite oor die liturgie eenvoudig en logies uiteengesit word (Acta 1997:768, 2)

1.3 Skenk oorweging aan die herdruk van *Salf vir die wonde* – prof. P.J. de Bruyn, sou fondse beskikbaar word (Acta 1997:815, 3.1.3)

1.4 *Indeks by die Institusie van Calvyn*: Die werk moet gepubliseer word en daar moet deur die Deputate gekyk word na alternatiewe verskyningsmetodes (Acta 1997:815, 3.1.4)

1.5 *Geskiedenis van Siloam* - Ondersoek alternatiewe publikasiemetodes. Bewaar manuskrip op bes moontlike wyse (Acta 1997:815, 3.2.4)

1.6 Die vertaling van die *Dordtse Leerreëls* moet in 'n volgende uitgawe van die Psalmboek gedruk word (Acta 1997:584, 4.4)

1.7 Regstelling van die Doopsformulier moet by 'n volgende uitgawe van die Psalmboek gedoen word (Acta 1997:730, 4)

1.8 Dat die Formulier vir die bevestiging van sendelinge nie weer in die Psalmboek opgeneem word wanneer nuwe Psalmboeke gedruk word nie (Acta 1997:570, 2)

1.9 Gesange 77, 177, 241, 257, 276 word goedgekeur as Skrifberymings (Acta 1997:784, 2.2.1)

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Bemark 'n publikasie waarin die studie en besluite oor die liturgie eenvoudig en logies uiteengesit word. Prof. B.J. de Klerk het die voorbereiding van hierdie publikasie namens die Deputate onderneem. Die stuk is ook in Engels vertaal. Daarna is een afskrif van die publikasie aan elke Kerkraad gestuur.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Skenk oorweging aan die herdruk van *Salf vir die wonde* – prof. P.J. de Bruyn, sou fondse beskikbaar word. Die publikasie is nog nie herdruk nie weens 'n gebrek aan fondse. Dit is egter waar dat daar nog steeds gedurigdeur navraag ontvang word oor die beskikbaarheid van die publikasie.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Indeks by die Institusie van Calvyn*: Die werk wat deur prof. H.W. Simpson begin is, is gestaak met sy oorlye vroeg in 1998. Tot dusver het nog niemand na vore gekom om die werk oor te neem nie.

Besluit: Die Deputate moet dit aan 'n geskikte persoon opdra om die "Indeks by die Institusie van Calvyn" te finaliseer en om die publikasie en elektroniese publikasiemetodes daarvan te koördineer

2.4 *Geskiedenis van Siloam* – TSP Publikasies het hierdie publikasie die lig laat sien. Die manuskrip is tans rekenaarmatig gestoor.

Besluit: Kennis geneem.

2.5 Die vertaling van die *Dordtse Leerreëls* moet in 'n volgende uitgawe van die Psalmboek gedruk word. Die vertaling is in die vierde hersiene uitgawe van die Psalmboek opgeneem.

Besluit: Word vir afhandeling aan die Deputate opgedra.

2.6 Regstelling van die Doopsformulier moet by 'n volgende uitgawe van die Psalmboek gedoen word. Die regstelling is by die Formulier vir die bediening van die Heilige Doop aan Volwassenes in die vierde hersiene uitgawe van die Psalmboek opgeneem. Die regstelling by die Formulier vir die bediening van die Heilige Doop aan Kinders is per abuis nie gemaak nie, maar sal by die volgende hersiene uitgawe van die Psalmboek reggestel word.

Besluit: Die nuwe Deputate moet kontroleer dat alle regstellings in die Formulier vir die doop van kinders in die volgende oplaag en toekomstige uitgawes van die Psalmboek opgeneem word.

2.7 Dat die Formulier vir die bevestiging van sendelinge nie weer in die Psalmboek opgeneem word wanneer nuwe Psalmboeke gedruk word nie. Die Formulier is weggelaat.

Besluit: Goedgekeur.

2.8 Gesange 77, 177, 241, 257, 276 word goedgekeur as Skrifberymings. Goedkeuring is van NG Kerk-Uitgewers ontvang om hierdie Gesange in die Psalmboek op te neem. Gesang 77 is op geneem as Skrifberyming 51. Die volgende Gesange is opgeneem as alternatiewe berymings: Gesang 177 by Skrifberyming 23, Gesang 241 by Skrifberyming 26, Gesang 257 by Skrifberyming 16 en Gesang 76 by Skrifberyming 21.

Besluit: Goedgekeur.

2.9 Die Skrifberymings van J.P. Bingle (Jes 43:1-7 en Ef 6:10-20) is deur die vorige Sinode terugverwys na die opsteller (Acta 1997:785, 2.2.5). Nadat die werk afgehandel en in die vierde hersiene uitgawe van die Psalmboek opgeneem is, is 'n Outeursooreenkoms rakende die kopiereg, met die tussenkoms van die Bestuur van die Administratiewe Buro, opgestel. Volgens die ooreenkoms word die Outeursreg van hierdie twee Skrifberymings aan die Administratiewe Buro oorgedra sonder enige vergoeding. Enige toekomstige tantieme wat deur enige uitgewer aan die Administratiewe Buro betaal sal word, is egter aan die Outeur betaalbaar of aan die instansie of persoon wat deur die Outeur aangewys word.

Besluit: Goedgekeur.

2.10 Kopiereg is aan die volgende persone en instansies toegestaan:

2.10.1 Dr. A.H. Bogaards om die hele Psalmboek (die Formuliere, gebede en Belydenisskrifte ingesluit) onder die rekenaarprogran Theophilos te mag gebruik en op die Internet te versprei. Kopiereg is toegestaan aan dr. A.H. Bogaards insake die gebruik van die Kategismus van Calvyn.

Besluit: Goedgekeur.

2.10.2 Sr. L. van der Walt vir die rekenarisering van al die Psalms en Skrifberymings sodat 'n konkordansie opgestel kan word.

Besluit: Goedgekeur.

2.10.3 Dr. A.H. Bogaards om die publikasie Prediking en Verbond van ds. D. Postma onder die rekenaarprogran Theophilos te mag gebruik en op die Internet te versprei.

Besluit: Goedgekeur.

2.11 *Boekevoorraad*

2.11.1 Na verskeie onsuksesvolle pogings in die verlede om die boekevoorraad van die CJBF te verminder het die Deputate besluit om die Institusie van Calvyn te bemark teen 'n prys van R100 per stel. Dit het vrugte afgewerp en die hele voorraad is verkoop.

Besluit: Goedgekeur.

2.11.2 Die Bestuur van die Administratiewe Buro het besluit om alle ou boekevoorraad waarvoor daar geen aanvraag meer was nie, gratis weg te gee.

Besluit: Goedgekeur.

2.12 Nuwe Publikasies. Die volgende publikasies het gedurende die dienstyd van die Deputate die lig gesien:

2.12.1 *Nag my kind* deur die skryfster Bets la Cock. Die verkope van hierdie boek vorder beslis nie na wense nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.12.2 *Die Gesonde Leer* deur prof. P.J. de Bruyn. Die verkope van hierdie publikasie vorder goed.

Besluit: Kennis geneem. Ten opsigte van 2.11.1 tot 2.12.1 moet die nuwe Deputate al die CJBF-publikasies meer direk en aggressief bemark - waar dit moontlik is in samewerking met ander Deputategroepe. Die Deputate oorweeg vergoeding vir persone wat boeke vir die CJBF verkoop.

2.13 Die vierde hersiene uitgawe van die Psalmboek het gedurende 1998 die lig gesien. Aangesien die Deputate nie kon verseker watter besluite geneem sal word gedurende Sinode 2000 nie, is besluit om slegs 'n beperkte oplaag van 10 000 hardeblad kopieë te druk. Aanduidings is dat die oplaag gedurende 2000 ten volle verkoop sal wees.

Besluit: Kennis geneem.

2.14 Versoeke is deur die Deputate van prof. P.A. Verhoef, br. G. de Kock en sr. M. Howell ontvang om manuskripte te beoordeel en waar verdienstelik, te druk. Die Deputate kon om finansiële redes nie aan die versoeke voldoen nie.

Besluit: Kennis geneem. Insake 2.2, 2.11 en 2.14 moet die nuwe Deputate volledig verslag oor voorrade en begrotings van voorraad asook nuwe publikasies doen, sodat dat daar 'n beter begrip van die stand van sake is en finansiële behoeftes betyds aangespreek kan word.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Die Deputate versoek dat die Sinode sal oordeel uit welke Bybelvertaling aanhalings vir die Belydenisskrifte en Formuliere gebruik moet word.

Besluit: Sinode 1988 het reeds hieroor besluit: "Die direkte Skrifaanhalings in die Belydenisskrifte word in die stadium onveranderd gelaat" (Acta 1988:749, 4.3).

3.2 *Finansies*: Die finansiële state van die Totiusfonds en die CJBF is ingesluit in die state van die Administratiewe Buro.

Besluit: Kennis geneem.

3.3 Deputate word weer aangewys, waarvan een indien moontlik 'n bemarkingskundige is.

Besluit: Goedgekeur.

23.3 RAPPORT DEPUTATE VIR EVANGELISERINGSMEDIA (Artt.96, 160, 178)

A. Dr. P.G. Geertsema die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Publikasies. Finansiële aspekte is verwys na die Kommissie vir Finansies.

C. Ds. D.J. Malan stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag

1.1 Quo Vadis

1.1.1 Te benoemde Deputate moet nuut besin oor die temas, inhoud en gerigtheid van die blad sodat dit onmiddelik 'n duidelike Bybelse aanslag en appèl op die ongelowige/buitekerklike leser se gewete sal maak (Acta 1997:821, 2.1.1)

1.1.2 Dat daar vier eksemplare per jaar versprei word teen so na as moontlik aan die kosprys (Acta 1997:821, 2.1.2).

1.2 Lektuur

1.2.1 Daar word voortgegaan met die beskikbaarstelling van lektuur volgens die apologetiese, evangeliserings-, en toerustingsbehoeftes van die kerke (Acta 1997:821, 2.2.1).

1.2.2 Lektuur word teen so na as moontlik aan die kosprys versprei (Acta 1997:821, 2.2.2).

1.3 Die Senaat van die TSP word versoek om die hele saak van voortgesette opleiding in motivering, metodiek, toerusting en implementering vir die taak van evangelisering te ondersoek sodat die resultate voortdurend as hulp vir plaaslike kerke, predikante en lidmate aangebied kan word (Acta 1997:822, 2.5.1).

1.4 Uitstaande lektuur - die Rooiboekie en Blouboekie se uitgee afgehandel word (Acta 1997:822, 2.6.1.1).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 Die Deputate het aanvanklik skakeling gehad met kommunikasie-deskundiges om insette te lewer oor ’n pakkende aanbiedingstyl van die lektuur. Na die eerste jaar waarin verskeie pogings om hul insette te ontvang, misluk het en die Deputate se werk vertraag is, is voortgegaan sonder verder insette van die verskillende deskundiges.

2.2 U Deputate het opnuut besin oor ’n logo op ons lektuur. Sr. Adrienne Viljoen (Bestuurder Ontwerp SABS) se logo-ontwerp is geneem as die embleem waaronder die Deputate al hul publikasies laat verskyn het. Die logo is’n geel/rooi son wat ligstrale in alle rigtings uitstraal. Twee strale in vertikale en twee in horisontale rigtings (in die vorm van ’n kruis) dui op die rigtings waarin mense oor hulle geloofslewe mag dink. Die vertikale lyn wys die regte rigting aan - vanuit die Woord na God.

2.3 Die ou publikasies wat deur die jare by die Admin Buro opgehoop het, is gratis aan gemeentes beskikbaar gestel.

2.4 *Quo Vadis*

2.4.1 U Deputate het nuut besin oor temas, inhoud en gerigtheid van die blad sodat dit duidelike Bybelse inslag en appèl op die ongelowige/buitekerklike leser se gewete sal maak.
Daar is besluit om hierdie termyn toe te spits op pastorale probleme wat juis aan die Kerk geleentheid bied om die Bybelse lig by die buitekerklike in hul beproewinge te bring. Enkele apologetiese temas het ook verskyn.

2.4.2 Verskeie skrywers het meegewerk aan die volgende temas:
My laaste oomblik
Ek het diep seergekry
(Tswana) Dipotso kgatlhanong le thuto ya ba-watch tower gangwe ba-Jehovah’s
Indringende vrae aan die Jehovah Getuies.
Verwerking van my egskeiding
Huwelik
Die weduwee in rousmart
Evangelie aan die voorvadervereerders
Evangelisasie-gesprekke.

2.4.3 Die eerste drie uitgawes van die Quo Vadis is deur drukkers gedruk. Dit was duidelik dat die drukkoste per oplaag te hoog was. Daar is besluit om self elke uitgawe redaksioneel te versorg en persklaar te maak, en deur die Admin. Buro te laat dupliseer. Een eksemplaar van elke gedrukte stuk is gratis per massapos aan kerke gestuur sodat dit plaaslik vir verdere gebruik gefotostateer en versprei kon word. Die Deputate het met hierdie werkswyse duisende rande bespaar.

2.4.4 Daar is met kommer kennis geneem dat die evangeliseringslektuur wat deur die Admin. Buro versend word, nie op al die kerkraad tafels kom en aan die gemeente bekend gestel word nie. Dit laat die persepsie ontstaan dat daar geen evangeliseringslektuur beskikbaar is nie.

2.5 Die volgende lektuur het die lig gesien:

2.5.1 Publikasies wat uit Afrikaans in Afrika tale oorvertaal is:

2.5.1.1 Tswana:
Toerusting in die geloof No 1 Hoe ken jy die Here Jesus.
Toerusting in die geloof No 2 Swaarkry: God se doel daarmee.

2.5.1.2 Zoeloe
Groei in die geloof - Wie is God vir jou?
Groei in die geloof (preek) - Samevatting van preekskets oor Johannes 1:1-5.

2.5.2 Hospitaal lektuur:
Die volgende hospitaal lektuur (Lig in die donker) is in 'n Afrika-taal of Engels vertaal en saam met die Afrikaanse vertaling beskikbaar gestel:
No 1 - Vergesigte van genade - Zoeloe/Afrikaans
No 2 - Groei deur afhanklikheid - Zoeloe/Afrikaans
No 3 - Blye tyding van hoop - Zoeloe/Afrikaans
No 4 - Lyde bied ruimte vir geloofsoefening - Zoeloe/Afrikaans
No 5 - Lyde en afsterwe van sonde - Zoeloe/Afrikaans
No 12 - Benut elke oomblik - Tswana/Afrikaans
No 13 - Toets vir jou kindskap - Tswana/Afrikaans
No 14 - Die seën van kragteloosheid - Tswana/Afrikaans
No 16 - Binne veranderinge is daar blywende vrede - Engels/Afrikaans
No 17 - Selfs nadat hierdie siekte ... - Engels/Afrikaans
No 18 - Jesus het vir jou gebid - Engels/Afrikaans
No 19 - Daar is een versorgende Vader - Engels/Afrikaans
No 20 - Ons swakhede wys eintlik God se krag in ons - Engels/Afrikaans
No 21 - Waarom die ellende - Engels/Afrikaans
No 22 - Hulp van die Heilige Gees in my ellende - Engels/Afrikaans
No 23 - Doel van Swaarkry - Engels/Afrikaans

Daar is o.a. gebruik gemaak van dagstukkies wat in die *Almanak* verskyn het. Predikante is genader om geringe aanpassings aan te bring. Terugvoering wat oor die lektuur in die verskillende Afrika-tale ontvang is, is dat dit waardeer word. Swartes in die groot stadshospitale verkies soms Engels bo hul moedertaal.
Hier kan met dank kennis geneem word van die vertaalwerk van di. H. du Plessis vir die Tswana, W. Kurpershoek vir die Zoeloe en P. Geertsema vir die Engelse vertalings. Dank ook aan die betrokke predikante vir hulle dagstukkies wat gebruik is.

2.6 Hulp aan Kerke met hul evangeliseringstaak (Acta 1997:822, 2.5.1). Die Senaat gee D.V. tydens 'n lenteskool (Sept. 1999) hieraan aandag.

2.7 Uitstaande lektuur (Acta 1997:822, 2.6.1.1)
Daar bestaan reeds verskeie Engelse weergawes van die Heidelbergse Katigismus op Internet (by http://www.gksa.org.za). Sover die Deputate kon vasstel is daar nie op hierdie stadium sodanige behoefte aan die Rooi- en Blouboekie wat 'n nuwe oplaag regverdig nie.

2.8 Verslag oor die werksaamhede van die Deputate en oor die beskikbaarheid van lektuur is verskeie kere in *Die Kerkblad* en by wyse van massapos gedoen.

2.9 *Brood vir die Lewe*
Daar is talle navrae vir hierdie publikasie (wat uit druk is) ontvang. 'n Verwerkte weergawe sien D.V. teen die einde van die 1999 die lig. Hierdie Deputate het die boekie herskryf met die gedagte dat dit vir volwasse-kategese en ook senior katkisante gebruik kan word. Die boekie sal beskikbaar wees by die Admin. Buro. Dit word beoog om die boekie ook op stiffie en op Internet (by http://www.gksa.org.za) beskikbaar te stel.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 *Benoeming van Deputate*

3.1.1 Wys weer Deputate aan vir die opstel en uitgee van Evangeliseringsmedia.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.2 Wys Deputate uit een omgewing aan met opdragte soos deur die Sinode besluit.

Besluit: Nie goedgekeur nie. Deputate uit een omgewing is nie meer vandag noodwendig noodsaaklik nie as gevolg van die moderne kommunikasie-tegnologie.

3.2 *Quo Vadis*

Gaan voort met die beskikbaarstelling van die blad om 'n duidelike Bybelse appèl op die buitekerklikes te maak.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Hospitaallektuur*

Gaan voort om hospitaallektuur beskikbaar te stel in Afrikaans en 'n ander taal en dat spesifiek aan Xhosa aandag geskenk word.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *Die logo vir die Evangeliseringslektuur*

Weens die kostes aan die druk van twee en meer kleure op al die lektuur, is daar na die einde van hierdie Deputate se termyn afgesien daarvan om die logo in kleur te druk.

Die logo wat hierdie Deputate begin gebruik het, bly behoue maar die Deputate probeer tóg om dit verkieslik in kleur te druk.

Besluit: Goedgekeur.

3.5 *Beskikbaarstelling van Evangeliseringslektuur*

3.5.1 Die nuwe Deputate kry opdrag om *Quo Vadis* soos in die verlede te laat druk en volgens aanvraag op versoek van gemeentes te versprei teen die laags moontlike koste. Die voorkoms moet aantreklik wees sodat verspreiding effektief kan plaasvind.

Besluit: Goedgekeur.

3.5.1.1 Die Administratiewe Buro hou 'n stel meesterdokumente van alle publikasies van die Deputate Evangeliseringsmedia op lêer. By voltooiing van publikasies, word een kopie van elke publikasie aan elke gemeente gestuur wat dit self kan vermeerder. Aan gemeentes wat meer kopieë bestel, word dit aangestuur.

Besluit: Goedgekeur.

3.5.1.2 Keur dit goed dat alle lektuur van hierdie Deputate (huidige, voriges en toekomstiges) vrylik gedupliseer mag word, dat daar geen kopiereg aan die publikasies gekoppel word nie, maar wel erkenning gegee word dat dit deur die GKSA uitgegee is.

Besluit: Goedgekeur.

3.5.2 Die moderne kommunikasiemedia

In die al groter wordende elektroniese kommunikasie-era is dit noodsaaklik om ook hierdie medium te benut.

Besluit: Goedgekeur.

3.5.2.1 Die nuwe Deputate gaan voort om alle nuwe publikasies op Internet te plaas.

Besluit: Goedgekeur.

3.5.2.2 Stel Stiffies/CD met die Evangeliseringslektuur op aanvraag by Admin. Buro beskikbaar.

Besluit: Goedgekeur.

3.5.3 Bekendstelling in die kerklike tydskrifte

Lewer gereeld (jaarliks) verslag in die kerklike tydskrifte oor watter lektuur beskikbaar is.

Besluit: Goedgekeur.

3.6 Gebruik van onbenutte lektuur

3.6.1 Deur al die jare het o.a. predikante al pragtige evangeliseringslektuur opgestel. Hierdie Deputate wil 'n vriendelike beroep doen op hierdie broeders om hulle werk beskikbaar te stel vir publikasie.

Kerkrade en predikante word aangemoedig om bestaande lektuur beskikbaar te stel aan die Deputate, wat die lektuur redaksioneel sal versorg en persklaar maak.

Besluit: Goedgekeur.

3.6.2 Die lektuur wat vorige Deputate gepubliseer het, moet nie vergete raak nie. Daar moet gepoog word om die beskikbare stukke opnuut bekend te stel.

Die nuwe Deputate stel ook die lektuur van vorige Deputategroepe, sover dit bruikbaar en beskikbaar is, op o.a. Internet en rekenaarstiffies beskikbaar.

Besluit: Goedgekeur.

4. Finansies
Begroting

5 Quo Vadis	R2 500
400 Brood van die Lewe	R6 000
Honorarium vir tikster	R1 000

Besluit: Goedgekeur.

23.4 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE UITGEE VAN DIE HANDELINGE (Artt.58(b), 126)

A. Br. H.S.J. Vorster stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Publikasies. Finansiële aspekte is verwys na die Kommissie vir Finansies.
C. Dr. J. le Roux stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag
Kyk Acta 1997:823.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem
2.1 Die Handelinge van die Sinode in 1997 is uitgegee volgens die handleiding wat deur die Sinode van 1985 vasgestel is (Acta 1985:51-53).
2.2 Volgens vorige Sinodebesluite is die volgende sake gehanteer:
2.2.1 Handelinge 1997 is van ’n alfabetiese indeks voorsien, asook ’n register van artikels voor in die Handelinge, soos dit in volgorde op die Sinode gedien het (Acta 1994:630, 631).
2.2.2 Die tersaaklike Notule-artikels is by elke saak aangedui (Acta 1994:630).
2.2.3 Opdragte waaroor besluit is na Artikel 231 van die Notule, is deur die Deputate onder die betrokke Deputategroepe aangeteken (Acta 1997:946).
2.2.4 Die elektroniese beskikbaarheid van die Handelinge is ondersoek (Acta 1997:823). Die Deputate het bevind dat dit wel moontlik is om die Handelinge op Internet beskikbaar te stel. Die koste verbonde aan die elektroniese beskikbaarstelling is soos volg:
2.2.4.1 Die diensverskaffer van die Admin. Buro het aangedui dat dit moontlik sal wees om hierdie diens gratis beskikbaar te stel.
2.2.4.2 Verder kan die Handelinge ook op ’n laserskyf beskikbaar gestel word. Die Admin. Buro het ’n laserskyfskrywer en die koste daaraan verbonde, sal net die koste van ’n laserskyf plus administratiewe koste beloop. Aangesien baie ruimte op die laserskyf beskikbaar is, kan die Theophilus soekprogram bv. ook op die laserskyf gekopieer word asook ander inligting soos die NGB, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls.
Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit
3.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir die uitgee van die Handelinge volgens die riglyne van Sinode 1985 (Acta 1985:51-53).
Besluit: Goedgekeur.
3.2 *Die Sinode begroot vir die volgende uitgawes*
3.2.1 Koste verbonde aan die publikasie van die Handelinge.
Besluit:
3.2.1.1 Word verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro saam met die Deputate vir Uitgee van die Handelinge.
3.2.1.2 Nie meer as 500 eksemplare word op bestelling gedruk nie.
Motivering: Van die Acta 1997 is 1 000 eksemplare gedruk waarvan slegs 170 verkoop is. Die drukkoste het R42 831 beloop; Die inkomste was R14 450 en dit bring ‘n verlies van R28 381 mee.
3.2.1.3 Die Handelinge word op CD beskikbaar gestel.

3.2.2 Fondse vir plaasvervangende dienste in die kerke waaraan die Deputate verbonde is.
Besluit: Nie goedgekeur nie.
3.2.3 Fondse vir taalkundige versorging.
Besluit: Goedgekeur.
3.2.4 Reiskoste vir Deputate.
Besluit: Goedgekeur.
3.3 Indien lewensvatbaar, gee gevolg aan 2.2.4.2.
Besluit: Goedgekeur.
3.4 Oorweeg 'n kleiner lettertipe vir die Handelinge aangesien die lettertipe van die Handelinge 1997 nie gemaklik lees nie.
Besluit: Goedgekeur.

23.5 RAPPORT DEPUTATE VIR KERKLIKE TYDSKRIFTE (Artt.103, 159, 160)

A. Dr. H.G. Stoker stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Publikasies. Finansiële aspekte word verwys na die Kommissie vir Finansies.
C. Dr. J. le Roux stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag

Kyk Acta 1997:823-836, veral 1997:833-836.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 *Algemeen*

2.1.1 Die Deputate het gekonstitueer soos die Sinode 1997 die Deputate benoem het. Ter wille van effektiewe werksaamhede is mev. Johanna Fourie in 1999 op die Deputate gekoöpteer.

2.1.2 Met groot dankbaarheid kan gemeld word dat al die tydskrifte sonder uitsondering gereeld verskyn het.

2.1.3 Volgens besluit van vorige Sinodes het die Deputate verskillende Kommissies saamgestel ten einde die tydskrifte te beheer en uit te gee. So is daar vir *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad* en *Slingervel* Redaksiekommissies aangewys, asook 'n Bemarkingskommissie vir die bemarking van al die tydskrifte. Vir *Ons Bondsjeug* is daar slegs 'n redakteur aangewys.

2.1.4 Met dankbaarheid kan getuig word dat daar goeie samewerking tussen die Redaksiekommissies onderling is, asook met die personeel van die Administratiewe Buro.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Die Kerkblad*

2.2.1 Samestelling

Die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad* bestaan uit die volgende lede:
Prof. P.J. de Bruyn (voorsitter), prof. G.J.C. Jordaan (redakteur), prof. J.M. Vorster, prof. F.P. Viljoen, dr. C.F.C. Coetzee, dr. H.G. Stoker, dr. I.L.J. van Vuuren, mev. J. Fourie (skriba).

2.2.2 Werksaamhede

Die Redaksiekommissie vergader gereeld een keer per maand waartydens beplanning gedoen word van komende uitgawes, asook kopie gekeur word wat ingestuur word vir plasing.
Redaksiekommissielede kry elkeen verskillende opdragte en skryf ook op rotasiebasis die "Brandpunt"-artikels vir elke maand se twee uitgawes (die redakteur is hiervan uitgesluit, aangesien hy verantwoordelik is vir "Redaksioneel" van elke uitgawe).
Die samewerking van ander professore van die Teologiese Skool asook ander kundiges word verkry wanneer spesifieke temas beplan word. Hulle is behulpsaam met die samestelling van die tema-uitgawe se artikels en skrywers.

2.2.3 Tegniese versorging

Mev. Fourie is verantwoordelik vir die dag-tot-dag aktiwiteite van *Die Kerkblad* asook vir die uitleg van die blad. Dit word gedoen in noue samewerking met die Redakteur en die drukkers wat verantwoordelik is vir die finale produk.

2.2.3.1 Drukkers en voorblaaie

Aan die einde van 1997 het die kerklike tydskrifte nuwe drukkers gekry – Creda Press via United Litho (wat in Potchefstroom geleë is en die skakeling behartig). Die voorkoms en tegniese gehalte van die blad het in die geheel verander en beslis verbeter. Ander papier word gebruik en die voorblad het ook 'n nuwe voorkoms gekry. Die reaksie hierop was oorwegend baie positief en goedkeurend.

Wat spesiale uitgawes betref, is aandag gegee aan die Nasionale Sinode van 1997, 'n oorsig oor die Gereformeerde Kerke in Natal (met die 100-jarige herdenking van die Geref. Kerk Vryheid) en die finalejaar teologiese studente van elke jaar. Daar is ook aan die begin van 1999 'n spesiale uitgawe afgestaan aan die PU vir CHO.

2.2.3.2 Tema-uitgawes

Een uitgawe van elke maand word afgestaan aan 'n spesifieke tema. Sedert 1997 is die volgende temas gepubliseer:

Gereformeerd-wees en Afrikaner-wees; Gesondheid, siekte en mediese hulp; Boerdery; Ons Gereformeerde identiteit; Die tydperk tussen die Ou en Nuwe Testament; Skrifgebruik; Sending en evangelisasie; Die predikant – persoonlike geloofslewe en bediening; Die navolging van Christus; Die Christen en verset; Die Kerkorde; Die koninkryk van God; Die wonder van die skepping; Die geestestryd in Afrika; Die Calvinisme; Die eenvoud van die Skrifwaarhede; Die postmodernisme; en Menseregte.

Die volgende temas gaan in die loop van 1999 behandel word:

Die voorgeskiedenis; Eskatologie; Toerusting van die jeug; Anglo Boere-oorlog; Positiewe Christen in 'n negatiewe wêreld.

Heelwat van genoemde temas is geïdentifiseer uit die vraelys wat tydens Sinode 1997 deur Sinodegangers ingevul is. Dit is die bevinding van die Redaksiekommissie dat die tema-uitgawes oor die algemeen baie positief ervaar word.

2.2.3.3 Gemeentebeelde en ander inhoud

Daar word ook steeds op gereelde basis gemeentebeelde geplaas. Dit behels dat gemeentes wat 'n spesifieke ouderdom behaal het en dit feestelik herdenk, 'n foto-artikel en oordenking deur die predikant instuur en dit dan gepubliseer word.

Die ander uitgawes van *Die Kerkblad* word steeds gewy aan aktuele artikels (o.a. oor kloning, die Internet en ander artikels van belang) en korrespondensie is steeds 'n belangrike deel van die blad.

2.2.4 Verspreiding en intekening

By die vorige Sinode is in die verslag gemeld dat *Die Kerkblad* by sekere PNA-winkels beskikbaar gestel sou word. Dit het in die praktyk geblyk dat dit nie werk nie, en die gedagte is laat vaar. In die loop van 1998 is met 'n ander projek begin, naamlik om groepsintekening aan te moedig en te bevorder, aangesien dit aansienlike besparing van intekengeld (goedkoper posgeld) beteken. Heelwat gemeentes het reeds hiermee begin en die onmiddellik goedkoper intekengeld word direk aan die lesers deurgegee. Die gemeentes onderneem om dit self aan hulle lesers te versprei.

Dit is die wens en bede van die Redaksiekommissie dat *Die Kerkblad* in die toekoms in steeds meer Gereformeerde huise gelees sal word, en daarom word steeds gepoog om die inhoud van die blad op 'n baie hoë, Skrifgetroue standaard te hou.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Die Gereformeerde Vroueblad*

2.3.1 Samestelling

Die Redaksiekommissie van *Die Gereformeerde Vroueblad* bestaan uit die volgende lede:

Mevv. Ansie du Plessis (voors.), Mariana Venter, Louisa van der Walt (sekr.), Rinske Vreken, prof. Jacques van der Elst, ds. Dirk Laufs en dr. Marlene Verhoef. Mev. Ansie du Plessis was redakteur tot op 1 Februarie 1999, waarna mev. Mariana Venter by haar as

redakteur oorgeneem het. Op versoek van die redaksie het die Deputate vir Kerklike Tydskrifte dr. Marlene Verhoef sedert Februarie 1999 op die Redaksiekommissie benoem.

2.3.2 Werkswyse

Die Redaksie het 'n werkverdeling gedoen met spesifieke take vir elke lid. Die beplanning van die blad word gesamentlik gedoen en al die lede help met die werwing van bydraes. Alle kopie word deur elke lid afsonderlik gekeur en geëvalueer waarna die redakteur 'n finale samevatting van die evaluerings doen.

Mevv. Ansie du Plessis en Louisa van der Walt werk een oggend per week by die Administratiewe Buro waar mev. Johanna Fourie hulle bystaan met die administrasie rondom die blad. Sedert mev. Mariana Venter redakteur geword het, gee sy leiding vir genoemde werksaamhede.

2.3.3 Tegniese versorging

Die voorblaaie en bladuitleg word – in noue samewerking met die Redakteur – gedoen deur die personeel van die Grafiese Ateljee by die PU vir CHO. Die Redakteur – met een of twee redaksielede wat haar bystaan – is verantwoordelik vir die taalversorging, proefleeswerk en persklaarmaking van die blad.

Aan die einde van 1997 is 'n jarelange verbintenis met die *Herald Drukkery* verbreek en is 'n ooreenkoms gesluit met *Creda Press* wat verteenwoordig word deur mnr. Johann du Toit van *United Litho* – 'n firma wat in Potchefstroom geleë is. Danksy nuwe tegnologie lewer die nuwe drukkers werk van 'n hoër gehalte en het die voorkoms van *Die Gereformeerde Vroueblad* baie verbeter.

2.3.4 Inhoud van die blad

Die Gereformeerde Vroueblad bevat maandeliks rubrieke gerig op die vrou en gesin, wat die volgende insluit: Vrae oor Bybelse gegewens, gemeentebedrywighede, sustersaktiwiteite, nuuswaardige geleenthede op kerklike terrein, saamtreknuus, bekendstelling van diensorganisasies. Daar verskyn ook geloofsversterkende en -verdiepende artikels, artikels oor aktuele sake, onderwys en opvoeding, maatskaplike en sosiale probleme, huwelik en gesin, harde realiteite waarmee vroue te doen kry, sketse, ensovoorts.

2.3.5 Kommunikasie, reklame en bemarking

Die Redaksie streef daarna om goeie kommunikasies met die lesers op te bou. Nuwe intekenare word per brief verwelkom. Navraag word gedoen oor die rede vir kansellasies waarna oplossings gesoek word om intekening voort te sit. Gereelde skrywes word aan voorsitters van sustersorganisasies gerig om die blad bekend te stel en nuwe intekenare te werf.

Meningspeilings en evalueringsprojekte word gereeld gedoen; daarna wenke so gou moontlik geëvalueer en geïmplementeer. Oor die moontlikheid van die samesmelting van die blad met *Die Kerkblad* en *Slingervel* is byvoorbeeld in 1998 'n meningspeiling gedoen deur briewe aan elke kerk se sustersorganisasie te stuur. Die reaksie was bykans eenparig teen so 'n samesmelting. Die redaksie versoek dus die Nasionale Sinode om kennis te neem van die oorweldigende steun van lesers en lidmate (ook broeders) vir die behoud van *Die Gereformeerde Vroueblad* as 'n blad op sy eie.

Die Redaksiekommissie is innig dankbaar vir die positiewe kommentaar op die blad, asook vir aanmoediging en onderskraging. Die blad se Bladbouerfonds word goed ondersteun deur donasies van lesers en sustersgroepe. Dit staan onder die beheer van die Redaksie en stel hulle onder andere in staat om van tyd tot tyd 'n meer omvangryke blad uit te gee.

2.3.6 Saamtrekke

Die Redaksiekommissie tree sedert 1993 op as fasiliteerder van die jaarlikse Sustersaamtrekke en het mev. Rita Steyn (predikantsvrou van Benoni-Noord) benoem om as koördineerder van die saamtrekke op te tree. Nuwe streeks-indeling is gedoen sodat saamtrekpunte makliker bereikbaar is. Die 19 tot 20 Sustersaamtrekke word jaarliks deur ongeveer 4 000 susters bygewoon.

2.3.7 Verspreiding

Om koste te bespaar word die kerklike tydskrifte, waar moontlik, gesamentlik versend. Groepintekening is ook aangemoedig omdat dit die blad vir die leser goedkoper maak.

2.3.8 Dankbetuigings

Die redaksie van *Die Gereformeerde Vroueblad* spreek hulle hartlike dank uit aan die Deputate Kerklike Tydskrifte wat hulle deurgaans ondersteun het in die uitvoering van hulle pligte. Die Redaksiekommissie vertrou dat hulle die taak wat aan hulle opgelê is, bevredigend uitgevoer het. Hulle bede is dat die blad steeds - soos die afgelope 53 jaar - in die toekoms onder die seënende hand van die Here koersvaste leiding uit die Woord aan sy lesers mag bied.

Besluit: Kennis geneem.

2.4 *Ons Bondsjeug*

2.4.1 Samestelling en verskyning

Met groot dank teenoor die redakteur, dr. S.J. van der Walt, kon *Ons Bondsjeug* gereeld maandeliks as jeugbylae van ongeveer 8 bladsye in *Die Kerkblad* verskyn. Die eerste *Ons Bondsjeug* het in Januarie 1981 verskyn. Die uitgawe van Januarie 2000 sal dus 'n dankbare bestaan van 20 jaar herdenk.

2.4.2 Inhoud en verspreiding

Tydens die afgelope termyn is gepoog om met aktuele artikels, heelwat foto-bylaes en 'n aantreklike bladuitleg die jongmense te bereik. Reëlings is ook met die drukkers getref dat bykomende eksemplare van die bylae gedruk kan word. 'n Skrywe is aan alle kerkrade gerig met die versoek om teen R1.00 per maandelikse bylae vir die hoërskoolse en naskoolse jeug van die gemeente in te teken. 'n Stel bylaes word dan aan die gemeente gestuur wat dit tydens katkisasie of andersins kan uitdeel. Teen die middel van 1999 is 1 500 bylaes op dié wyse aan gemeentes gestuur. Hierdeur vertrou die Redaksiekommissie dat *Ons Bondsjeug* meer direk in die hande van die jeug geplaas kan word en dat jongmense vroeg reeds met *Die Kerkblad* kan kennis maak.

Besluit: Kennis geneem.

2.5 *Slingervel*

2.5.1 Samestelling en verskyning

Met groot dank teenoor die redakteur, prof. P.W. Buys, en dr. Natie van Vuuren wat hom bystaan, kon die *Slingervel* gereeld maandeliks verskyn.

2.5.2 Inhoud

Soos in die verlede is gepoog om te laat reg geskied daaraan dat dit 'n Christelike maandblad vir kinders is. Daar is getrag om vir elke leeftydsgroep iets aan te bied. Dit het gewissel tussen inkleurprente, blokkiesraaisels, kopkrappers, anagramme, Bybelvasvrae, stories (meesal met 'n verhulde moraal), vertellings, artikels. 'n Wye spektrum onderwerpe uit die Bybel, die Belydenisskrifte, die natuurwetenskappe, die geskiedenis en die letterkunde is gedek.

Daar is ook geleentheid gegee vir die lesers om self bydraes in die blad te publiseer en ook deur briewe hul mening te lug. Die Penmaatsrubriek binnelands en ook na Nederland is steeds gewild.

2.5.3 Veertigjarige feesuitgawe

'n Besondere hoogtepunt was die feesuitgawe met *Slingervel* se veertigste verjaardag, by welke geleentheid die redakteur in *Kollig op die kerk* die blad oor die radio bekendgestel het. Dit is maandelank voorafgegaan met stof uit die eerste uitgawes van die blad waarop daar interessante reaksie ontvang is van volwasse persone wat destyds, in hulle kinderjare, reeds al die blad gelees en bydraes daarin gelewer het.

2.5.4 'n Nuwe baadjie

Met die oorskakeling na *Creda*-drukkers via *United Litho* het die blad 'n totaal nuwe, verbeterde voorkoms gekry. Besondere dank is aan mnr. Johann du Toit van *United Litho* verskuldig vir die moeite wat hy en sy firma doen om die blad fleurig af te werk.

Danksy goeie onderhandeling deur die Direkteur van die Administratiewe Buro verskyn *Slingervel* vanaf Julie 1999 met agt bladsye volkleur, sonder onmiddellike prysstyging.

2.5.5 Die Internet

Daar word gewerk aan die moontlikheid om *Slingervel* ook op die Internet te kry. Dit sal 'n pragtige ervaring wees as Gereformeerde (en ook ander) kinders wêreldwyd deur hierdie medium die blad te lese kan kry.

2.5.6 Intekenaartal

Dit is kommerwekkend dat, ondanks al die pogings om die blad aantreklik en interessant te maak en dit te reklameer, daar gedurende die afgelope drie jaar steeds 'n daling in die intekenaretal is. Na elke onvermydelike verhoging in intekengeld (mede as gevolg van skerp stygende postarief) het die bedankings ingestroom. Dit is seker nodig dat van Sinodeweë die vormende, opbouende waarde van hierdie blad vir ons verbondskinders weer sterk onder die aandag van kerkrade en lidmate gebring word. Die *Slingervel* is 'n unieke tydskrif vir verbondskinders wat ander ons beny. Ons mag dit nie deur ons vingers laat glip nie!

2.5.7 Samewerking en dank

Die samewerking met die Deputate vir Kerklike Tydskrifte asook die Administratiewe Buro was hartlik. 'n Besondere woord van dank aan mevrou Johanna Fourie wat die tikwerk en bladuitleg doen. Dank ook aan al die medewerkers sonder wie die bestaan van die blad nie moontlik sou wees nie. Bo alles dank aan die Here wat gesê het *Laat die kindertjies na My toe kom* (Mark 10:14) en wat in sy groot genade nou al meer as veertig jaar hierdie nederige poging van die Gereformeerde Kerke in stand hou.

Besluit:

1. Kennis geneem.
2. Die Sinode neem met leedwese kennis van die oorlye van die Redakteur van die *Slingervel*, prof. P.W. Buys.

2.6 *Die Bemarkingskommissie*

2.6.1 Samestelling en vroeëre aktiwiteite

Die Kommissie funksioneer onder die bekwame leiding van prof. J.H.P. van Heerden. Voor die 1997 Nasionale Sinode is vraelyste onder studente versprei wat hulle na hulle ouers moes neem om in te vul. Dit was studente van Potchefstroom en Pretoria. Die doel van die vraelyste was om te bepaal wat die siening van die lesers en nie-lesers van die kerklike tydskrifte rondom die tydskrifte was. Die respons was so swak dat geen statistiese verwerkings gedoen kon word nie. Hierna is gratis Psalmboeke of Bybels vir nuwe inskrywers aangebied. Ook dit het nie vrugte afgewerp nie.

2.6.2 Bemarking van die kerklike tydskrifte

i) Daar is skriftelik met Klassisse geskakel en gevra dat Klassisverteenwoordigers aangewys word om die Deputate behulpsaam te wees met bemarkingsaksies.

ii) Tema-uitgawes van *Die Kerkblad* is geïmplementeer.

iii) Tema- en beoordelingspanele: Met hierdie projek is gepoog om panele oor die land daar te stel wat aktuele temas kan voorstel terwyl die beoordelingspanele die tydskrifte sou beoordeel. Hierdie poging het nie geslaag nie.

iv) Briewe is aan elke Kerkraad gestuur om te vra dat hulle 'n skakelpersoon (manlik of vroulik) moet aanwys. Voortdurende kontak met die persone sou help om sirkulasie te verhoog. Die saak is nog in proses, maar die reaksie is traag. Aan die enkeles wat wel gereageer het, is opvolgbriewe gestuur.

v) Die kwaliteit van papier en die buiteblaaie is verbeter om te poog om sirkulasie te verhoog.

vi) In gevalle waar kansellasies voorkom, word gevra na die rede. Indien dit finansieel van aard is, is met die betrokke kerkraad se voorsitter geskakel om die finansiële situasie onder die kerkraad se aandag te bring. As die Kerkraad nie kon help nie, is borge gevind wat bereid is om die jaargelde te betaal.

vii) Dank word uitgespreek teenoor sekere kerkrade wat moeite gedoen het om die getal intekenare op kerklike tydskrifte in hulle gemeente te laat styg. In die geheel gesien is die intekenaargetalle van die tydskrifte egter steeds aan die daal. (Hierby is natuurlik nie die mense wat wêreldwyd deur Internet die blaaie lees, ingesluit nie.)

viii) Dit is die voorneme van die Bemarkingskomitee om vraelyste via die kontakpersone by elke gemeente te laat invul sodat vasgestel kan word wat die sterk- en swakpunte van

die kerklike tydskrifte is. Daar sal ook met die persone in groepe gesprek gevoer word, sodat hulle as 't ware deel word van die bemarkingsaksie.

2.6.3 Advertensies

i) Kerklike tydskrifte is gevra om oor en weer na artikels in die ander tydskrifte te verwys.

ii) Mev. Wymie du Plessis is gevra om aktief met die werwing van advertensies betrokke te raak. Advertensies het toegeneem. Die werk het goeie reaksie ontlok van beide adverteerders en lesers.

iii) Ondersoek is ingestel of CNW advertensies vir die kerklike tydskrifte moet werf om so die inkomste te verhoog. Dit het nie haalbaar blyk te wees nie.

2.6.4 Verspreiding van die tydskrifte

i) Ondersoek is ingestel of O & J Media Konsultante die kerklike tydskrifte moes versprei om so kostes te verlaag. Die saak het nie gerealiseer omdat O & J Media Konsultante dit nie as 'n besigheidsgeleentheid gesien het nie.

ii) Om verspreidingskoste te bespaar is 'n begin gemaak om kerklike tydskrifte per bondel na gemeentes te stuur waar dit dan versprei is. Dit is in werking gestel.

Besluit: Kennis geneem.

2.7 *Ander opdragte van die Nasionale Sinode*

2.7.1 Kerklike tydskrifte op Internet

'n Pragtige ontwikkeling sedert die vorige Nasionale Sinode is die daarstel van 'n eie webtuiste vir die GKSA waar nie net artikels van die kerklike tydskrifte geplaas is nie, maar ook die dagstukkies uit die *Almanak*, eredienste in klank, asook heelwat ander materiaal uit Gereformeerde kring en oor Gereformeerde gemeentes. Dit alles kon meestal gratis of teen 'n minimale koste daargestel word. 'n Besonderse woord van dank moet uitgespreek word teenoor ouderling Pieter van der Dussen van GK Pretoria-Sunnyside vir die inisiatief en groot werk wat hy kosteloos gedoen het om dit alles 'n werklikheid te maak.

Omdat die Internet-werksaamhede meer omvattend geword het as net die kerklike tydskrifte en die Deputate nie buite sy mandaat wou gaan nie, is besluit om die Bestuur vir die Administratiewe Buro te vra om die Internetbedrywighede onder hulle vleuels te neem wat dan ook gebeur het (vgl. die verslag van daardie Deputate). Die Kommissie verantwoordelik vir Internet het egter weer met 'n voorstel na die Deputate vir Kerklike Tydskrifte teruggekom met die versoek dat die Deputate die Nasionale Sinode moet versoek om sy werksaamhede so uit te brei dat die publikasies en ander werk via die Internet ook onder die Deputate kan ressorteer as 'n Internet-redaksie. Die Deputate het die saak oorweeg en wil dit dan ook aanbeveel, saam met 'n moonlike naamsverandering van die Deputate.

2.7.2 Inligting oor Gereformeerdes uit ander lande

Die verskillende tydskrifte het op 'n deurlopende basis inligting deurgegee oor Geformeerdes uit ander lande.

2.7.3 Werklas van Redaksiekommissies

Daar is voortdurend kennis geneem van die werklas van die verskillende Redaksiekommissies en sake is aangespreek soos wat dit geblyk het nodig te wees.

2.7.4 Kanselklankeprojek

Die projek gaan voort hoewel dit nog nie groot afmetings aangeneem het nie. Die saak behoort 'n projek van hierdie Deputate te bly.

2.7.5 Die Kerkblad of dele daarvan in Engels

In *Die Kerkblad* is gevra vir mense wat bereid is om artikels in Engels te vertaal (sonder vergoeding) sodat dit op Internet geplaas kan word. Ook vra die Redakteur van die tydskrif van die RCNZ dit aan aangesien hulle van ons artikels in hulle blad wil plaas. Reaksie is ontvang van mense wat bereid is om artikels te vertaal en artikels is aan hulle deurgegee.

2.7.6 Finansies

Met dankbaarheid kan gemeld word dat al drie die tydskrifte die termyn met 'n batige saldo afsluit. Groot dank moet uitgespreek word teenoor mnr. Hannes Vorster van die Administratiewe Buro vir sy beplanning en beheer oor die fondse van die tydskrifte wat meegebring het dat tekorte wat wel eers bestaan het, stelselmatig afgewerk is. Die volledige finansiële verslag kan by die verslag van die Bestuur vir die Administratiewe Buro gevind word.

Besluit: Kennis geneem. Van punt 2.7.6 word met besondere dank teenoor br. Hannes Vorster kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Die Sinode bedank die Redakteurs en Redaksiekommissies van die verskillende tydskrifte vir hulle werk die afgelope drie jaar, asook vir die werk wat deur die Bemarkingskommissie, die Internetkommissie en die Administratiewe Buro-personeel in die verband gedoen is.

3.1.1 Prof. P.J. de Bruyn word versoek om 'n huldeblyk te lewer in gedagtenis aan prof. P.W. Buys.

3.1.2 Mev. L. Buys, eggenote van wyle prof. P.W. Buys, word genooi om teenwoordig te wees.

3.1.3 'n Besondere woord van dank word aan sr. Ansie du Plessis gerig vir jarelange getroue diens as Voorsitter van die Redaksiekommissie van die *Vroueblad.*

3.1.4 'n Besondere woord van dank aan dr. Natie van Vuuren gerig vir sy jarelange getroue diens.

3.1.5 'n Besondere woord van dank word aan prof. P.J. de Bruyn gerig vir jarelange getroue diens by die Kerklike Tydskrifte.

3.2 Die Sinode besluit om die Internet-werksaamhede van die GKSA onder die sorg en toesig van die Deputate te stel. Daar moet sorg gedra word dat kundiges op die gebied op die Deputate dien. Aangesien kontak en vergaderings deur die telefoon en rekenaar geskied, kan kundiges landswyd op die Internet-redaksie betrek word.

3.3 *Die Sinode benoem Deputate vir die Kerklike Media met die volgende opdragte:*

3.3.1 Sien toe dat die kerklike tydskrifte gereeld verskyn en tref die nodige reëlings in die verband.

3.3.2 Wys redaksies aan vir die verskillende kerklike tydskrifte, asook die Internet, en sorg dat projekte soos Kanselklanke geadministreer word.

3.3.3 Hou toesig, in ooreenstemming met die goedgekeurde redaksionele beleid van die verskillende tydskrifte en Internet, oor die werksaamhede van die verskillende Redaksiekommissies en Bemarkingskommissie.

3.3.4 Oefen beheer uit oor alle finansies van die betrokke kerklike media, wat die vergoeding van funksionarisse insluit.

3.3.5 Skakel op 'n deurlopende basis met kerkrade, meerdere vergaderings en instansies soos nodig in belang van die kerklike media en met inagneming van vorige Sinodes se besluite hieroor.

Besluit: Goedgekeur.

23.6 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE UITGEE VAN DIE KERKORDEBOEKIE (Artt.119, 149, 160)

A. Ds. H.F. van Wyk stel die Rapport.

B. **Besluit::** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Publikasies. Finansiële aspekte word verwys na die Kommissie vir Finansies.

C. Dr. J. le Roux stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag

1997:837 - 839; 1994:639 - 641

1. Om die Handelinge van hierdie Sinode na te gaan met die oog op moontlike wysigings, byvoegings en weglatings aan die gegewens in die Kerkordeboekie/-lêer
2. Om die Kerkordeboekie/-lêer so gou as moontlik te laat druk, nadat 'n behoeftebepaling gedoen is
3. Om moontlike wysigings, byvoegings en weglatings wat uit die Handelinge van Nasionale en Algemene Sinodes mag voortspruit in die Kerkordeboekie en/of Kerkordelêer, so gou as moontlik op datum te bring
4. Die vorige opdrag word gekontinueer sodat die nuwe Kerkordeboekie/-lêer gedruk sal word
5. Die bestellings deur Kerkrade geplaas, word uitgevoer
6. Om die vertaling van die Kerkorde in Engels uit te voer soos besluit in pt. 3.2 en 3.3

7. Dat voortgegaan word met die druk van die rekenaarstiffie

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering van die opdrag

2.1 Die Handelinge is nagegaan en gekontroleer.

2.2 Die Kerkordeboekie en Lêer is gedruk in Januarie 1999.

2.3 Wysigings, byvoegings en weglatings is aangebring aan die teks van die Kerkordeboekie.

2.4 Daar is aanvanklik 1 500 Boekies gedruk en 500 lêers. Addisionele kopieë kan bestel word.

2.5 Briewe is aan alle kerkrade uitgestuur en deur die Administratiewe Buro versend. Die probleem was dat die bestellings reeds vyf jaar oud was, en daarom is die bestellings nie net volgens die bestellings versend nie.

2.6 Die Kerkorde alleen is vertaal. In oorleg met die Direkteur van die Buro is daar besluit om eers die goedkeuring vir koste van die vertaalwerk by die Sinode te kry. In April 1999 is die kwotasie om slegs die Bylaes te vertaal R1 430.00 (een duisend vier honderd en dertig rand). Die byvoeging van die verwysings soos dit tans in die Kerkordeboekie is, kan 'n addisionele R170.00 beloop, 'n totaal van R1 600.00.

2.7 U deputate het besluit om elke boekie en lêer van 'n rekenaarskyfie te voorsien. Die motivering is dat die meeste gemeentes en selfs lidmate oor rekenaars beskik dit daarom sinvol kan gebruik, veral ten opsigte van die vorms. Verder behoort dit die kopiereg en redelik te beskerm deurdat daar nie sommer addisionele kopieë gemaak sal word nie.

Besluit: Met dank kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Die vertaling van die Bylaes by die Kerkorde teen 'n bedrag van R1 600.00

3.2 Die volgende woorde en begrippe in die Engelse vertaling van die Kerkorde

• **Afrikaans**	**Woord gebruik**	**Alternatief**
1 Teologiese Skool	Theological Seminary	College School
2 Konsulent	counsellor	*Subsitute minister* *Consultant*
3 Kerkraad	session	*Consistory*
4 Klassis	classis	*Presbytery*
5 Partikuliere sinode	regional synod	*"particular"* synod **1**
6 Formulier	liturgical form	*Formulary*
7 Keurstem	a vote in all matters	
8 Algemene sinodale verband (art 52)	Jurisdiction of the general synod	*Denomination*
9 Lykpredikasies of lykdienste (art 65)	die artikel is effens geparafraseer in die Engels om die betekenis duideliker te maak **2**	
10 Middelmatige saak	Moderate issue	*Minor* *Medium* *non-fundamental* *non-absolute* *non-vital*]

Verduideliking by voetnotas

1. die liggaam bestaan nie elders nie; dus sou 'n direkte vertaling verwarrend wees; regional synod is ook 'n duidelike aanduiding van wat bedoel word.

2. NZ en Australië het nie ’n ekwivalente artikel nie; volgens die Christian Reformed Church se Kerkorde is ’n begrafnis ’n “family” en nie ’n “ecclesiastical” saak nie; die implikasie is dan dat ’n begrafnis nie ’n erediens behoort te wees nie.

Besluit:

1. Kennis geneem van punte 3.1 en 3.2.
2. ‘n Engelse vertaling van die Kerkorde kan nie in hierdie vergadering goedgekeur word nie.
   Motivering:

2.1 Die Deputate was nie bewus van die vertaling wat deur prof. A. le R. du Plooy aan die Kommissie voorgelê is nie en kon dit dus nie beoordeel nie.

2.2 Die Deputate het in hulle vertaling swaar op die Kerkorde van die Reformed Churches of Australia geleun. Heelwat verskille bestaan tussen die twee vertalings.

2.3 Vir die tegniese terme van so ‘n vertaling is spesialis taalkundige advies nodig.

3. Die vertaling van die Kerkorde in Engels word aan die nuwe Deputate opgedra met die bykomende opdrag dat die res van die Kerkordeboekie ook vertaal word indien dit uitvoerbaar is binne die toegestane begroting.
4. Die vertaalde Kerkorde/Kerkordeboekie word beskikbaar gestel aan wie dit aanvra.
5. ‘n Bedrag van R1 600, plus ‘n eskalasie gekoppel aan die inflasiekoers is vir die doel van die vertaling van die Kerkorde/Kerkordeboekie bewillig.
6. Die vertaling word deur die Deputate in samewerking met die Bestuur van die Administratiewe Buro gefinaliseer.

4. Aanbevelings

Die Sinode benoem weer Deputate met die opdrag:

4.1 Gaan die Handelinge van hierdie Sinode na met die oog op moontlike wysigings, byvoegings en weglatings aan die gegewens in die Kerkordeboekie / -lêer

4.2 Druk hierdie wysigings bloot as los bladsye wat die bestaande bladsye in die boekie / lêer vervang en stel dit binne die kerkverband beskikbaar.

Besluit: Goedgekeur.

23.7 RAPPORT DEPUTATE RADIO- EN TELEVISIE-UITSENDINGS (Artt.87, 179)

A. Ds. S.A. Cilliers stel die Rapport.
B. Ds. S.A. Cilliers verwelkom mej. Henriëtte Truter, Bestuurder by CNW se TV-uitsendings, mnr. Pierre Malan, Bemarkingsbestuurder by Radio Kansel en ds. Mossie van den Berg, Besturende Direkteur van Radio Pretoria.
C. Ds. Mossie van den Berg, mnr. Pierre Malan en mej. Henriëtte Truter kry geleentheid om die Sinode toe te spreek.
D. Ds. D. Laufs rig ‘n dankwoord namens die Sinode.
E. Ds. Eric Kayayan spreek die Sinode toe oor die werk wat hy via die radio in Afrika doen om die Evangelie uit te dra.
F. Ds. Hendrik du Plessis van die Reformed Church in Botswana kry geleentheid om die Sinode toe te spreek. Hy stel ds. Seitlheko van Ganzi aan die woord om ‘n groeteboodskap aan die Sinode oor te dra.
G. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Publikasies.
H. Ds. D.J. Malan stel die Kommissierapport.

I. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 1997:844, 4.

1.1 Reël in samewerking met die SABC en gelisensieerde Uitsaaiers met wie amptelike samewerkings-ooreenkomste bestaan, die uitsending van Gereformeerde eredienste, kerknuus en deelname aan godsdiensprogramme oor Radio en TV.

1.2 Gaan voort met die werk by Radiokansel.

1.3 Deputate word versoek om ’n sinvolle en werkbare samewerkingsmetode met Radio Pretoria-Netwerk op die been te bring en indien soortgelyke Streek-uitsaaidienste ook samewerking versoek, hulle op ’n soortgelyke wyse as Radio Pretoria-Netwerk te hanteer.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 *Sake rakende die SABC en CNW Radio*

2.1.1 Reeds sedert 1997 het godsdiensprogramme by die SABC vinnig in ’n nuwe bedeling in beweeg sodat ds. Francois Theron einde April 1997 sy dienste as Bestuurder Godsdiens RSG beëindig het en hy diens aanvaar het by CNW. Hierdie veranderings van ’n nuwe bedeling sou uiteindelik veral uitsendings oor SABC-TV raak waar godsdiensprogramme met 75% weggeval het.

2.1.2 Die SABC het in 1997 hul laaste buite-opname vir eredienste gemaak. By die bietjie uitsendings wat oorbly word alle gelowe betrek en die Afrikaanse Gereformeerde Kerke (in breër sin) kry slegs een tot twee uitsaaibeurte per jaar oor SABC-TV.

2.1.3 Predikante op die uitsaailys is met hierdie nuwe bedeling versoek dat opnames vir oordenkings voortaan gratis sal geskied vanweë die SABC se swak finansiële toestand.

2.1.4 Sedert begin 1999 is daar deur SABC kennis gegee dat die opnames van aanderedienste by die onderskeie plaaslik kerke vir uitsending oor RSG verander na ateljeedienste.

2.1.5 Sedert begin 1998 word alle godsdiensprogramme via CNW oor RSG uitgesaai. Daar bestaan ’n kontrak van 3 jaar tot die jaar 2000 tussen RSG en CNW vir die voorsiening van godsdiensprogramme. Ons is dankbaar dat ons skakeling oor die uitsending van godsdiens-programme, nou via CNW, nog steeds deur ds. Francois Theron, kan geskied en dat die kerke hierdeur steeds ’n oop deur kon vind om te midde van groot veranderings nog die Evangelie deur middel van die radio te kan verkondig. Begin 1999 het daar ’n posverandering by CNW plaasgevind wat die situasie kan verander.

2.1.6 Hoewel die GKSA in die nuwe bedeling volgens kwota-skaal slegs op 5 eredienste per jaar geregtig is vir uitsending, is aanvanklik 10 en tans 9 uitsendings aan ons toegeken. Soos in die verlede moet ons hiervoor ons besondere dank aan ds. Francois Theron betuig.

2.1.7 In die algemeen is daar genoegsaam van Gereformeerde predikante gebruik gemaak tydens oggendoordenkings.

2.1.8 Opnames in 1998 het getoon dat luistertalle by eredienste oor RSG ongeveer 239 000 met oggenddienste en 112 000 met aanddienste is. Die laer getal tydens aanddienste kan sekerlik verbind word met TV-uitsendings.

2.1.9 Van verskeie lidmate en gemeentes is klagtes ontvang oor die gruwelike misbruik van die Naam van die Here in verskeie TV programme oor SABC-TV sowel as M-NET.

2.1.10 Die inhoud van kerknuus oor RSG strek tans oor ’n baie wyer veld. Tans word 5 minute afgestaan vir amptelike kerknuus. Die persoon verantwoordelik vir kerknuus is Heini Odendaal. Kerkrade kan reguit met hom skakel vir kerknuus by faksnr. (021) 914-1333.

2.1.11 CNW Gemeenskapradios hanteer al meer godsdiensprogramme oor verskillende gemeenskapradio’s. Ds. Flip Loots is bestuurder CNW Gemeenskapradio’s.

2.1.12 ’n Opleidingsprogram vir radio- en TV-uitsendings in samewerking met die onderskeie teologiese fakulteite is sedert 1999 gestaak.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Sake rakende Radio Pretoria Netwerk*

2.2.1 Daar bestaan tans ’n baie goeie verhouding tussen die meewerkende kerke en Radio Pretoria. Ds. S.A. Cilliers is as Deputaat deur Radio Pretoria genooi om lid te wees van hulle Godsdienskomitee. Hierdie mooi samewerking is grootliks toe te skryf aan die besonder goeie gesindheid wat ons geniet van ds. Mossie van den Berg (Uitvoerende voorsitter).

2.2.2 Die gewone godsdiensuitsendings naamlik oggendopenings, oggendoordenkings, huisgodsdienste, eredienste en aandafsluitings vir ’n volle week word aan ’n bepaalde gemeente toegeken. Die uitsaaibeurte word tans gedeel deur die NG Kerk, NH Kerk, AP Kerk en die GKSA. Elkeen van bogenoemde vier kerkverbande ontvang tans een week per

maand. Die vyfde Sondag per maand is vir 'n tydperk aan die Evangelies Gereformeerde Kerk toegeken, andersins word dit tussen bogenoemde kerke verdeel.

2.2.3 Ons kan met dankbaarheid vermeld dat minstens 24 eredienste per jaar vanuit Gereformeerde Kerke en 312 oggend-oordenkings deur Gereformeerde predikante oor Radio Pretoria uitgesaai word.

2.2.4 Aanvanklik is opnames vanweë besparing in reiskoste beperk tot Pretoria en omstreke. Gemeentes wat ver is en bereid is om die reiskoste vir Radio Pretoria te betaal, is ook oorweeg vir uitsendings. Tans word opnames gedoen tot ongeveer 150 km rondom Pretoria.

2.2.5 Radio Pretoria ontvang ook kerknuus vanaf die Administratiewe Buro wat op Sondae-middae uitgesaai word.. Gemeentes is welkom om kerknuus uit die gemeente deur te stuur vir uitsending oor Radio Pretoria op Sondae. Nuus kan deur gefaks word na (011) 760-2737 vir aandag dr. Wim Dreyer, of na (012) 567-7394 vir aandag "Kerk in die Wêreld".

2.2.6 Hoewel Radio Pretoria nie gewoonweg landswyd opgevang kan word nie, kan hy wel per satelliet oral in ons land en wyer opgevang word. Die drawydte van die evangelieboodskap deur Radio Pretoria word daardeur geweldig verbreed. Ons ag dit as 'n besondere voorreg om die Evangelie oor hierdie stasie te kan verkondig.

2.2.7 Die voorsitter van die Deputate is deur Radio Pretoria uitgenooi na hul vyfde verjaarsdag. Op kort kennisgewing is die voorsitter verhinder om die geleentheid by te woon. Sy verskoning en gelukwensing is toe skriftelik aan hulle deurgestuur.

2.2.8 Dit moet vermeld word dat Radio Pretoria onder die huidige regeringsbewind 'n voortgaande stryd het om op die lug te bly. Dit kan ons voortgaande uitsendings raak.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Sake rakende CNW-TV*

2.3.1 Oor deelname tussen die verskeie kerkgemeenskappe oor hierdie besondere nuusmedia is daar tans goeie samewerking. Dr. P.P. Kruger is steeds die Deputaat wat skakeling bewerk en ons op hoogte hou van belangrike sake.

2.3.2 Verskeie programme is met deelname van Gereformeerde predikante en/of professore gemaak en uitgesaai.

2.3.3 Met dankbaarheid kan gemeld word dat CNW vanaf sy aanvanklike beskeie beginjare uitgebrei het tot 'n sterk organisasie.

2.3.4 Christen Media Trust (CMT) was behulpsaam met die ontwikkeling van die nuwe hoofkantoorkompleks in Bellville.

2.3.5 Oor CNW-TV-nuus op Sondagaande om 17:30 kry die GKSA gereeld goeie dekking. Soms word artikels uit *Die Kerkblad* ook in die nuusbulletin behandel.

2.3.6 Daar is intussen 'n CNW Info met 'n Tuisbladsy ("Homepage") op Internet geskep vir aktuele gebeurtenisse.

Besluit: Kennis geneem.

2.4 *Sake rakende Radiokansel*

2.4.1 Daar heers tans 'n baie goeie gesindheid wat aan ons 'n oop hand bied vir uitsendings. Ds. L.D. Aucamp is die Deputaat wat ons by Radiokansel verteenwoordig en ons op hoogte hou van die stand van sake.

2.4.2 Tans word ongeveer 6 erediensuitsendings per jaar aan ons toegestaan en dit kan selfs vermeerder.

Besluit: Kennis geneem.

2.5 *Sake rakende die jong radio-bediening in Frans*

2.5.1 Hoewel u Deputate geen opdrag hieroor ontvang het nie, is 'n kort verslag van ds. Eric Kayayan ontvang. Ons ag dit nodig dat die Sinode hiervan moet kennis neem.

2.5.2 Die radio-bediening in Frans van *Foi et Vie Réformées* word onder toesig van Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord se Kerkraad behartig, in samewerking met 'n groep van Noord-Amerikaanse belydende Gereformeerde Kerke of kerkverbande (RAC).

2.5.3 Ds. Eric Kayayan is op 29/11/1998 in *Potchefstroom-Noord* bevestig om voltyds in hierdie bediening te staan.

2.5.4 Tans word daar 2 programme per week op kortgolf deur Trans-Wêreld-Radio (TWR) uitgesaai: die eerste elke Maandagaand (20:00, UTC, 9710/31 mb) met Wes-Afrika as fokus (Ivoor Kus, Togo, Benin, Burkina-Faso ens.); die tweede word elke Vrydagaand (19:45, UTC) op die lug geplaas (9525/31 mb), met Sentraal-Afrika as fokus (DRK, Kameroen, Rwanda, Burundi, Sentraal-Afrika Republiek, ens.).

2.5.5 Programme word egter ook aan Christelike plaaslike stasies in die vorm van bandjies uitgestuur. Tans is stasies in Burkina-Faso, Kameroen en selfs Haiti (in die Wes-Indië) met *Foi et Vie Réformées* se programme voorsien.

2.5.6 'n Nuusbrief in Afrikaans is beskikbaar. Gemeentes wat belangstel om die nuusbrief op 'n gereelde basis te ontvang, kan daarvoor vra by ds. Eric Kayayan, Posbus 21193, Noordbrug, 2522.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 *Oor Opdrag 1*

3.1.1 Die opdrag vermeld niks oor samewerking met CNW-TV, soos vermeld in die Rapport nie (Acta 1997:843, 3.3.2). U Deputate was egter eenstemmig dat hierdie saak in die eerste opdrag onder "gelisensieerde Uitsaaiers" ingelees moet word.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.2 Daar is amptelik beswaar gemaak by die Uitsaaiklagtekommissie van Suid-Afrika oor die gruwelike misbruik van die Naam van die Here oor verskeie programme oor SABC-TV asook M-NET. 'n Skrywe is terug ontvang waarin onder andere vermeld is dat die blote ydellike gebruik nie noodwendig kragtens die juridiese eise van die Kode aanstootlik is nie, maar dat 'n saak uitgemaak moet word dat die gebruik, inaggenome die besondere konteks, walglik was.

3.1.3 Die Christelike toesig oor die Godsnaam en die eer van God word tans heeltemal bemoeilik aangesien 'n program eers uitgesaai moet word voordat klagtes daarteen ingebring kan word. Die ydellike gebruik van die Godsnaam in baie TV-reekse en TV-rolprente is in stryd met ons Belydenis (Heidelbergse Kategismus, Sondag 36) en daar sal steeds daarteen getuig moet word. U Deputate bring onder u aandag dat 'n landswye aksie van SOTCA (Staan Op Teen Christelike Aftakeling) gedurende 1999, wat spesifiek gerig was teen die ydellike gebruik van die Naam van die Here oor televisie, van stapel gestuur is. Verskeie plaaslike kerke van verskillende kerkverbande het aktief hierin meegedoen deur handtekeninge op proteslyste te verkry.

3.1.4 'n Skrywe is ontvang van die "Religious Broadcasting Panel" van die SABC waarin nominasies gevra word vir die paneel. Die GKSA het geen direkte verteenwoordiger op die paneel nie. Daar is besluit om geen nominasie in te dien nie aangesien dit die kanse van dr. Flip Loots (vanuit 'n Gereformeerde milieu) kan benadeel.

3.1.5 'n Skrywe is gedurende Januarie 1999 aan die Bestuurder van RSG gerig om die redes te verneem waarom die aanderedienste voortaan as ateljeedienste opgeneem en uitgesaai sal word. Hierop is nog geen antwoord ontvang nie.

3.1.6 Navrae oor die swak en ou opnames van Psalmsang by die RSG tydens ateljee-opnames kon niks oplewer nie. Met die nuutste tegnologie is daar feitlik geen Psalmsang beskikbaar nie.

3.1.7 Die aanvanklik 10 en tans 9 eredienste wat oor RSG uitgesaai is, is volgens streke toegeken. Hierby is ter wille van reiskoste net 'n radius van 50 Km vanaf die opname-ateljees toegelaat. In 'n sekere mate kon predikante wel landswyd betrek word.

3.1.8 Skrywes is aan *Die Kerkblad* gerig om inligting aangaande erediensuitsendings asook kontakpersone vir *Kerknuus* bekend te stel. Ons is dankbaar om mev. Johanna Fourie as skakelpersoon tussen die Deputate en *Die Kerkblad* te hê.

3.1.9 Inligting oor die programme van CNW-TV, hulle tuisblad op Internet en hoe om in te skakel is deur dr. P.P. Kruger opgestel en aan ons kerkblaaie vir bekendstelling gestuur.

3.1.10 Dr. P.P. Kruger en ds. F.J. van Deventer is afgevaardig om 'n Teologiese Beleidsraad by CNW by te woon.

3.1.11 Die "Independent Forum For Religious Broadcasting" (IFRB) het 'n opsommende verslag van 'n vergadering op 16 November 1998 aan u Deputate gestuur.

3.1.11.1 Op die vergadering was 36 lede van verskillende geloofsgroepe asook verteenwoordigers van verskillende uitsaaistasies teenwoordig. U Deputate was nie uitgenooi en ook nie daar teenwoordig nie.

3.1.11.2 Raadslid Mlamli Booi van die "Independent Broadcasting Authority" (IBA) was die hoofspreker in die plek van die voorsitter van die IBA, Felleng Sekha. Hy het aangetoon dat 60% van die 232 aansoeke om gemeenskapsradiolisensies kom van een of ander godsdienstige instansies.

3.1.11.3 Die uittredende voorsitter van die IFRB, biskop Peter Lee het in sy jaarverslag die SABC skerp gekritiseer vir die wyse waarop hulle die afgelope twee jaar die "Religious Broadcasting Panel" saamgestel het. Hy het ook die owerheid skerp aangespreek oor hulle onbuigbare en ideologiese uitsaaibeleid wat die meeste mense op die grond ignoreer. Father Bonaventure Hinwood is verkies as nuwe voorsitter.

3.1.11.4 Die verslag meld net van 'n godsdienstige uitsaai-beleidsdokument wat tydens die vergadering bespreek en opgestel is, sonder verdere besonderhede. Die IFRB toon ook 'n besondere geneentheid met die "National Community Radio Forum".

3.1.12 Op 13 Mei 1999 is van fr. Bonaventure Hinwood, voorsitter van die IFRB, 'n faks ontvang. Hierin meld hy die volgende van belang.

3.1.12.1 Hy het President Mandela skriftelik versoek om die nodige stappe te doen sodat die plek van godsdiens in die Uitsaaiwet in ooreenstemming met die Witskrif herstel moet word. Hierop is 'n antwoord van minister Jay Naidoo ontvang wat sê dat die owerheid geen rede insien om hierdie veranderinge in die wet aan te bring nie. Die IFRB is volgens die voorsitter besig om 'n verdere strategie te beplan om die sake reg te stel.

3.1.12.2 Die voorsitter meld verder met kommer van die owerheid se "extended version of the concept of religion, fot example … palm reading, contact with spirits through a human medium. Throwing of bones, horoscopes, and places the veneration of the ancestors in African Traditional Religions."

3.1.12.3 Hy meld dat 'n afvaardiging van die IFRB, volgens die hersiene gepubliseerde "Code of conduct" vir uitsaaiers, tog daarin kon slaag om voor die IBA 'n suksesvolle voorlegging kon maak vir 'n beter kontrole oor "harmful sex and violence" gedurende die tydsgleuf waarin kinders normaalweg kyk en luister.

3.1.12.4 Die IFRB het blykbaar goeie verhoudinge gevestig met die "Association of Christian Broadcasters" en spreek die hoop uit dat hulle sal saamwerk om 'n godsdienstige uitsaaibeleidsdokument daar te stel wat aan die owerheid voorgehou kan word as basis vir 'n toekomstige amptelike beleid.

3.1.12.5 'n Plaaslike finansiële subkomitee is gestig om befondsing te ondersoek aangesien buitelandse fondse besig is om op te droog.

3.1.12.6 Fr. Hinwood se faks bevat ook 'n amptelike uitnodiging na die November Forum van die IFRB op 15 November 1999. Hierby word gevra vir bevestiging van ons posadres, tel/faks nommers asook e-pos adres.

3.1.13 U Deputate is van oordeel dat plaaslike kerke en meerdere vergaderings op enkele sake soos in pt. 3.1.12.2 en 3.1.12.3 wel met die IFRB kan saamwerk as die enigste konstituele liggaam.

3.1.14 Die programeringskomitee word versoek om 'n verteenwoordiger van CNW, Radio Kansel en Radio Pretoria uit te nooi by die stel en bespreking van die Rapport.

Besluit: Kennis geneem

3.2 *Oor Opdrag 2*

3.2.1 Die programrooster van Radio Kansel is ongelukkig nie lank genoeg vooruit beskikbaar sodat dit sinvol in ons kerkblaaie gepubliseer kan word nie.

3.2.2 Van die 25 programme wat jaarliks aan onderskeie kerke toegestaan is, is ses per jaar deur Gereformeerde predikante gehanteer. Ds. L.D. Aucamp se bemiddeling hierin word besonder gewaardeer.

Besluit: Kennis geneem

3.3 *Oor Opdrag 3*

3.3.1 Goeie samewerking bestaan tans met Radio Pretoria.

3.3.2 Geen ander Streek-uitsaaidienste het ’n versoek om samewerking gerig nie.
Besluit: Kennis geneem

4. Aanbevelings
4.1 *Benoem weer Deputate met die volgende opdrag:*
4.1.1 Reël in samewerking met Radio Pretoria, asook SABC en CNW en ander gelisensieerde Uitsaaiers met wie amptelike samewerkings-ooreenkomste bestaan, die uitsending van Gereformeerde eredienste, kerknuus en deelname aan godsdiensprogramme oor Radio en TV.
4.1.2 Gaan voort met die werk by Radiokansel en CNW-TV.
4.1.3 Indien ander Streek-uitsaaidienste ook samewerking versoek, hanteer hulle op ’n soortgelyke wyse as Radio Pretoria-Netwerk.
4.1.4 Bly op hoogte met werksaamhede van die IFRB en by sake waaroor die GKSA sy steun kan bied, verleen daaraan steun.
4.2 Neem die toerusting van predikante as nuwe uitsaaiers deur die Departement Diakonologie opnuut op.
4.3 Oorweeg om ’n verteenwoordiger vanuit die ander taalgroepe op die Deputate te benoem . Hierby is die naam ds. Eric Kayayan sterk aan te beveel.
4.4 Na ontvangs van ‘n antwoord van die Bestuurder van RSG insake die redes waarom aanderedienste nou as ateljeedienste opgeneem en uitgesaai word moet die aangeleentheid verder hanteer word.
4.5 Die nuwe Deputate moet ‘n projek loods om in samewerking met gemeentes en moontlik die PU-koor en die PU vir CHO geskikte opnames met behulp van die nuutste tegnologie op te neem en beskikbaar te stel waar dit benodig word.
Besluit: Goedgekeur.

23.8 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL OOR DIE BEWOORDING VAN DIE NAGMAALSFORMULIER IN DIE NUUTSTE OPLAAG VAN DIE PSALMBOEK (Artt.60, 127)

A. Ds. S.A. Cilliers stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie vir Publikasies.
C. Dr. J. le Roux stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT
1 Oorsprong van die saak
1.1 Dit het onder die aandag van Klassis Waterberg gekom dat die woorde “…diewe, onwettige winsmakers, rowers, dobbelaars, … uit die Formuliere om die heilige Nagmaal te hou, weggelaat is.
1.2 Die weggelate woorde hoort by die bepaalde mense wat in die Formulier aangesê word om nie die sakrament van die Nagmaal te gebruik nie

2. Bevinding
2.1 Daar bestaan geen aanduiding in die Acta van die Nasionale Sinode oor die handeling oor hierdie saak nie.
2.2 Die afleiding word gemaak dat die woorde weggelaat is as gevolg van ‘n oorsig by die druk van die nuwe uitgawe van die Psalmboek.

3. Versoek
Die Sinode versoek diegene belas met die druk van die Psalmboek om die weggelate woorde weer in te voeg.

4. Motivering

4.1 Geen kerklike vergadering het daaroor gehandel nie; daarom spreek dit vanself dat daar geen wysiging in die Formulier aangebring is nie.

4.2 Die woorde het bloot verdwyn, daar bestaan geen rede waarom die teks nie weer herstel kan word nie.

4.3 Die woorde dien die verootmoediging van elke gelowige by die gelowige selfondersoek

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee.

23.9 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE OOS-TRANSVAAL OOR DIE BEWOORDING VAN DIE NAGMAALSFORMULIER IN DIE NUUTSTE OPLAAG VAN DIE PSALMBOEK (Artt.61, 128)

A. Ds. J.H. Cilliers stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie vir Publikasies.
C. Dr. J. le Roux stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

Die woorde: "*diewe, onwettige winsmakers, rowers, dobbelaars"* word weer ingevoeg in die Nagmaalsformulier, tussen "*dronkaards"* en "*gierigaards"* in die lys van aanstootlike sondes wat genoem word in punt drie van die ware selfondersoek wat die Nagmaalsviering vooraf moet gaan, soos dit nog gevind word in die Tweede Hersiene Uitgawe 1987 van die Psalmboek.

Predikante sal by die gebruik van hierdie Formulier daarop bedag wees om hierdie aanstootlike sondes ook te noem, al staan dit nie in hulle uitgawe van die Psalmboek nie.

1 Agtergrond

In die Derde Hersiene Uitgawe 1992 van die Psalmboek, het by die derde punt van die ware selfondersoek, waar die lys van aanstootlike sondes gegee word, tussen "*dronkaards"* en "*gierigaards"* die woorde: "*diewe, onwettige winsmakers, rowers, dobbelaars"*, uitgeval. Hierdie fout kom steeds in die Vierde Hersiene Uitgawe 1999 van die Psalmboek voor.

2 Motivering

Hierdie is ernstige sondes waarmee ons deesdae baie te kampe het, wat veral rondom die sonde van dobbelary hand oor hand toegeneem het, vanweë die owerheid se wettiging van casino's. Dit mag nie maar as aanstootlike sondes verswyg word nie.

In die verkorte Nagmaalsformulier, sedert die Derde Hersiene Uitgawe 1992 van die Psalmboek, kom die woorde "*diewe, rowers, dobbelaars"* wel voor tussen "*dronkaards"* en "*gierigaards"*.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee.

23.10 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE OVS EN NATAL – HERGEFORMULEERDE ONDERTEKENINGSFORMULIER VIR PREDIKANTE EN OUDERLINGE/DIAKENS (Artt.14, 147)

A. Ds. G.C. Verhoef stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie vir Publikasies.
C. Dr. J. le Roux stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

1. Ondertekeningsformulier vir predikante

Ek, ondergetekende bedienaar van die Goddellike Woord in die Klassis N verklaar opreg voor die Here die volgende:

Ek glo van harte dat al die artikels en stukke van die
Gereformeerde leer, soos vervat in die Formuliere van Eenheid,

volledig met die Bybel ooreenkom. Hierdie Formuliere van
Eenheid is die Nederlandse Geloofsbelydenis, die
Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

Ek beloof om hierdie leer ywer te onderrig en getrou te verdedig. Ek sal nooit direk of indirek daarteen leer of skryf, hetsy openlik of in die geheim nie. Ek sal alle dwalinge wat teen hierdie leer stry verwerp, ook dié wat deur die Sinode van Dordt veroordeel is. Sodanige dwalinge sal ek met toewyding weerlê, betwis en uit die kerk weer.

Indien dit sou gebeur dat ek later enige bedenkinge teen hierdie leer of 'n gedeelte daarvan kry, beloof ek dat ek dit sonder versuim aan die kerkraad, klassis of sinode sal bekendmaak. Ek is bereid om my in dié verband te onderwerp aan 'n ondervraging. Ek onderneem om nooit sodanige bedenkinge in die openbaar of in die geheim, mondeling of skriftelik, ter sprake te bring of te verdedig nie.

Ek verklaar my bereid om 'n verduideliking van my gevoel oor enige artikel van die Formuliere van Eenheid voor te lê, as ek deur die kerkraad, klassis of sinode daarom gevra word. Deur hierdie verduideliking onderwerp ek my aan die oordeel van die kerkraad, klassis of sinode ter wille van eenheid en suiwerheid van leer.

Ek besef dat ek dadelik in my diens geskors sal word, indien ek my nie by bogenoemde bepalings hou nie. Ek behou my reg op appèl indien ek deur die uitspraak van die kerkraad, klassis of sinode te na gekom voel. Gedurende die appèl sal ek my onderwerp aan die uitspraak en die oordeel van die Partikuliere Sinode.

2. Ondertekeningsformulier vir ouderlinge/diakens

Ek, ondergetekende ouderling/diaken van die Gereformeerde Kerk N verklaar opreg voor die Here die volgende:

Ek glo van harte dat al die artikels en stukke van die
Gereformeerde leer, soos vervat in die Formuliere van Eenheid,
volledig met die Bybel ooreenkom. Hierdie Formuliere van
Eenheid is die Nederlandse Geloofsbelydenis, die
Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

Ek beloof om volgens die eise van my diens hierdie leer getrou te handhaaf, te bevorder en te verdedig. Ek sal nooit direk of indirek daarteen leer of skryf, hetsy openlik of in die geheim nie. Ek sal alle dwalinge wat teen hierdie leer stry, verwerp. Sodanige dwalinge sal ek met toewyding weerlê, betwis en uit die kerk weer.
Indien dit sou gebeur dat ek later enige bedenkinge teen hierdie leer of 'n gedeelte daarvan kry, beloof ek dat ek dit sonder versuim aan die kerkraad sal bekendmaak. Ek is bereid om my in dié verband te onderwerp aan 'n ondervraging. Daarna sal ek my neerlê by die oordeel van die kerkraad volgens die bepalings van die Kerkorde. Ek onderneem om nooit sodanige bedenkinge in die openbaar of in die geheim, mondeling of skriftelik, ter sprake te bring of te verdedig nie.

Ek besef dat ek dadelik in my diens geskors sal word, indien ek my nie by bogenoemde bepalings hou nie. Ek behou my reg op appèl indien ek deur die uitspraak van die kerkraad te na gekom voel. Gedurende die appèl sal ek my onderwerp aan die uitspraak en die oordeel van die kerkraad.

Besluit:
1. Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee.
2. Die voorgestelde formulering word intensief deur die nuwe Deputate vir Leerstellige Sake beoordeel.
3. Die Deputate herformuleer ook die Ondertekeningsformuliere vir professore en proponente.